# Geloftediens





**2020-12-16**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## INLEIDING

**Geloftes aan God / Vows.**

- A vow to God is a solemn promise made to God to perform or to abstain from performing a certain thing.
- A solemn promise or pledge that binds a person to perform a specified act or to behave in a certain manner.
- Vows, therefore, were to be made only after careful consideration

# Skriflesings

- RIGTERS 11:29-40 NLV

‘n Noodlottige gelofte

29 Die Gees van die Here het op Jefta gekom. Hy het deur
Gilead en Manasse getrek tot by Mispa in Gilead. Van daar af
het hy teen die Ammoniete gaan veg. 30 Jefta het ’n gelofte
aan die Here gemaak. Hy het beloof: “As U my vandag die
oorwinning oor die Ammoniete gee, 31 en as ek behoue van
die Ammoniete af terugkom, sal ek die persoon wat van my
huis af kom om my te groet, aan die Here afstaan. Ek sal hom
as brandoffer offer.” 32 Jefta het teen die Ammoniete gaan
veg. Die Here het vir hom die oorwinning gegee. 33 Jefta het
die Ammoniete verpletterend verslaan van Aroër af tot waar
’n mens by Minnit kom, altesaam twintig stede. By Abel-
Keramim was daar ’n groot slagting. Die Ammoniete is aan die
Israeliete onderwerp. 34 Jefta is terug na sy huis in Mispa. Sy
enigste dogter het hom met tamboeryne en koordanse kom
ontmoet. Hy het nie nog ander kinders gehad nie.

35 Toe hy haar sien, het hy sy klere geskeur. Hy het uitgeroep: "Ag tog, my dogter, my hart is stukkend. Jy het my in die ellende gedompel. Ek het aan die Here 'n gelofte gemaak en ek kan dit nie terugtrek nie."

36 Sy het vir hom gesê: "Pa, jy het 'n gelofte aan die Here gemaak. Doen met my wat Pa beloof het. Die Here het vir Pa 'n oorwinning oor jou vyande, die Ammoniete, gegee." 37 Sy het ook vir hom gevra: "Laat my asseblief toe om vir twee maande na die heuwels toe te gaan. Ek wil daar saam met my vriendinne gaan treur omdat ek as 'n maagd moet sterf."

38 Hy het vir haar gesê: "Jy kan gaan." Hy het haar twee maande lank weggestuur. Sy het saam met haar vriendinne die heuwels ingegaan en daar gaan treur omdat sy nooit kinders sou hê nie.

39 Aan die einde van die twee maande het sy teruggekom na haar pa toe. Hy het met haar gemaak soos hy belowe het. Sy het nooit aan 'n man behoort nie. Dit het in Israel 'n instelling geword 40 dat die Israelitiese meisies elke jaar vir vier dae lank oor die dogter van Jefta die Gileadiet treur.

- RIGTERS 11:30-40 NLV



## GELOFTES

- Ons maak maklik geloftes en beloftes in tye van nood, angs en benoudheid.
- Soms vra of soek ons iets by die Here, en maak geloftes.

## JEFTA SE GELOFTE

- Jefta word deur die Gees gelei, maar hy het getwyfel

*29 Die Gees van die Here het op Jefta gekom.....*

*30 Jefta het 'n gelofte aan die Here gemaak. Hy het beloof: "As U my vandag die oorwinning oor die Ammoniete gee,*

## JEFTA SE GELOFTE

- Jefta word deur die Gees gelei, maar hy het getwyfel

*29 Die Gees van die Here het op Jefta gekom.....*

*30 Jefta het 'n gelofte aan die Here gemaak. Hy het beloof: "As U my vandag die oorwinning oor die Ammoniete gee,*

## JEFTA SE GELOFTE

- Wees versigtig voordat jy sommer 'n gelofte aan die Here maak

*Jy stel vir jouself 'n strik as jy ewe maklik iets aan die Here belowe en eers agterna besef wat jy belowe het.*

*SPREUKE 20:25 NLV*

## JEFTA SE GELOFTE

- Geloftes aan die Here moet betaal word.

***Prediker 5:3***

*[3]As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.*

## GELOFTES EN BELOFTES

- **Psalm 116: 14**

[14]My geloftes sal ek aan die HERE betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk.

Rigt 11: 35 ......Ek het aan die Here 'n gelofte gemaak en ek kan dit nie terugtrek nie."

## GELOFTES EN BELOFTES

- Wat ‘n merkwaardige dogter!!
- Respek en eerbied vir God en haar Pa.
- Geleer en opgevoed in die vrese van die Here



## GELOFTEDAG

- 16 Des 1836
- Dingaansdag... later Geloftedag vandag: Versoeningsdag
- Gelofte wat ‘n groep Voortrekkers aan God afgelê het.

## Geloftedag

- God het 'n wonderwerk gedoen op die dag wat daar 'n gelofte gemaak was aan Hom.
- Oormag van ongeveer 20 teen 1. (10'000 teen ongeveer 500).
- Ongeveer 3'000 Zulu's sneuwel en nie een boer nie.

## GOD SE BELOFTE AAN ABRAHAM

- Gen 12:3 "…in jou sal al die gelagte van die aarde geseën word.
  - God het ook hier 'n belofte gemaak.
  - Alle geslagte van die aarde sal geseën word.
  - Jesus Christus is die groot seën van hierdie wêreld.
  - Die hele Woord van God het na ons gekom deur Abraham


## VERSOENING

- Hou die Evangelie van Jesus Christus ingedagte
- Dink aan Christus politiek.  Jesus Christus wil ‘n bruid opbou uit alle nasies wat bestaan.
- Versoening moet bly gebeur in ons land tussen alle nasies, rasse en kleure.
- God het ‘n saak met nasies.

## VERSOENING MET GOD

- **Rom 5:11**

11En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in God deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening verkry het.



# VERSOENING MET GOD

- **2 Kor 5:18-21**

18En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het,

19naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.

20Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.


21Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

# ALLE NASIES


- **Openbaring 7:9**

9NÁ hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;

10en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!





# AFSLUITING

- **1 Johannes 4:10**

10Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

